

Die Man wat God Gebruik Eng/Afr.

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B138b

Skrifverwysing uit: 2 Kon.6:24 – 7:20

Kernvers: 7:3 – ‘En daar was vier melaatse manne by die ingang van die poort; hulle het die een vir die ander gesê: Wat bly ons hier totdat ons sterwe?’

Ek wil graag met u praat oor die man, vrou, seun of dogter wat God gebruik – hierdie is ‘n boodskap vir almal.

Daar was oorlog tussen die Arameërs en Israel en die stad Samaria was omsingel deur die vyand, en hulle het die stad beleër totdat daar hongersnood gekom het.

En daar was twee vrouens wat ooreengekom het om hul seuns om die beurt te eet... Kan u uself indink in so ‘n situasie? Hoe verskriklik moes dit nie gewees het nie!

Daardie stad was in ‘n haglike toestand en ‘n mens kan net dink hoe neerslagtig en terneergedruk die mense moes gewees het – die oor en weer verwyte en bakleiery onder mekaar.

Maar daar was ‘n profeet in die stad nl Elisa! En die koning het hom gehaat omdat hy nie geskroom het om vir die koning die waarheid te vertel nie. En toe die koning so op die muur van die stad loop, kom hierdie twee vroue na hom met die klag dat die een vrou nie haar seun wou gee om geslag te word nadat hulle albei reeds die ander vrou se seun geëet het nie.

Dit het die koning aangegryp maar inplaas daarvan dat hy die Here aanroep, begin hy vir Elisa te blameer – soos so dikwels dat die mensdom teen God draai wanneer Sy strawwe en tugtiging hulle tref. Dan word daar teen God geraas en teen Sy boodskappers.

Wat het dit met Elisa te doen gehad dat dit so sleggegaan het met die volk Israel?

Maar daar was vier melaatses buitekant die poort wat aan beweging gekom het en die stad gered het van hongersnood. So soek God manne en vroue wat beskikbaar is en wat aan die beweging sal kom sodat God ‘n wonderwerk deur hulle kan doen.

God wil mense gebruik wat beskikbaar is.....